



Kraggakamma
Gemeente
Die is God se freetuin van liefde

Kuberkamma

6 Oktober 2019

Lukas 9:24

"As julle probeer om julle lewe vir julleself te bewaar, sal julle die verloor. Maar as julle julle lewe ter wille van My prysgee, sal julle dit juis bewaar."

Vertoon die e-pos nie korrek nie? [Klik hier om die nuusbrieff eerder op die internet te lees.](#)

Program vir die Dag

08h30 Eietydse diens in die saal
09h45 Kategese Afsluiting vir die 3de Kwartaal
10h00 Klassieke diens in die saal
Die deurdankoffer gaan vir die There4-Bedieninge

Program vir die Week

7 Oktober	09h30	Biduur – Kraggakamma Uitspanning
	12h45	Gebedskild in gebedskamer
8 Oktober	11h00	Diens by Stella Londt
	17h30	Eiendomme Diensterrein vergader
	18h00	There4-Bedieninge nooi jpu na hul Egipte terugvoer-geleentheid. Laat weet die kerkkantoor indien jy dit gaan bywoon.
	19h00	Leef@Kerk
9 Oktober	19h00	Jeugbediening vergader
10 Oktober	16h15	Selgroep Omsienersvergadering
11 Oktober	05h00	Mannebyeenkoms by Elandré Bosch, Lilylaan 68
13 Oktober	18h30	Jan de Wet tree op by NG Kerk Heideveld. Die tema is: "Hoop in 'n stukkende SA". Die hele gesin is welkom

[Die kommuniekamma is van Saterdag op die webwerf beskikbaar.](#)

Nuusbrokkies

Sake vir gebed

Bid vir almal wat betrokke is by WWJD. Lees [hier](#) meer oor hulle werksaamhede.

[Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbidding dringend nodig het.

There4-Bedieninge:

Hierdie week se **gebedsversoek** is vir Christene in Brunei:

Bid saam met Christengelowiges in Brunei wat vervolging ervaar en dus ondergronds moet aanbid weens die feit dat dit 'n klein landjie is en hulle nêrens het om heen te vlug as hul ontbloot word vir hulle Christen-geloof nie. [Foto](#)

Preke

Ds MG se preek van 22 September is op die [webwerf](#) beskikbaar. Die tema is: "In God se 23" Die teksgedeelte is 1 Timoteus 4 vers 1 tot 16.

Verjaarsdae

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

6 Oktober	Phillip de Vos, Claudette Scheepers, Johan Smit, Gaynor Swanepoel en Willem van den Berg
7 Oktober	Yvonne Nell
8 Oktober	Rochelle Barnard, Erna Coetzee, Theuns Conradie, Ronel Gouws en Luca Strydom
9 Oktober	Judie Boshoff, Liesl Hanekom, Erica Keyser, Johan Kritzinger, Elizabeth Scheepers, Rhenoldu van Niekerk en Vina Visagie
10 Oktober	Adele Spinks, Jakkie Strydom, Pieter van Loggerenberg, Deidre Venter en Arno Vosloo
11 Oktober	Celia Coetzer en Linda Meiring
12 Oktober	Rudolf Cronjé, Liezll Landman, Teresa Ludwig en Annelie van Rooyen



Padkos

Skoonheid maak vir die Here ook saak, die regte soort.

Thomas Aquinas, die groot teoloog van die Middeleeue, het graag drie dinge verbind met die teenwoordigheid van Christus, naamlik skoonheid, goedheid, en waarheid. Wanneer hierdie dinge in gelowiges se lewe aanwesig is, is Christus besig met sy mooi werk in ons. Ek hou veral van Aquinas se beklemtoning van skoonheid. Dit word te veel kere in die kerk misgekyk, of met 'n "wêreldse" gesindheid in verband gebring. Skoonheid begin altyd innerlik. Die Here maak ons mooi van binne af buitentoe. Hy versier ons met sy Gees se spesiale teenwoordigheid. Maar dit beteken nie ons buitewêreld maak nie ook vir Hom saak nie. Ons mag onself ook met skoonheid omring- mooi kuns, mooi handwerke, mooi vakmanskap, mooi skeppings. Dit is alles uitdrukkings van die talente wat God in mense verpak het waarmee hulle die wêreld rondom hulleself mooier maak. Ons mag sulke skoonheid ook geniet. In dieselfde asem moet ons ons eie kreatiewe gawes ontwikkel en gebruik. Of ons nou die talent het om musiek te maak, te skilder, houtwerk te doen, of wat ook al - dit is daar om skoonheid in die wêreld in te dra tot God se eer. En om ander gelowiges se lewe te versier met vreugde.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert <http://www.ekerk.org/>]

Ku bergroete tot volgende keer

[2019-07-28]



Skandeer die Kraggakamma Gemeente SnapCode om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van SnapScan te betaal. www.getsnapsan.com